ment opgerig word, spreekwoordelik duurder is as wat verwag word. Die derde rede is dat die land, volgens spr. die vinniger oprigting van geboue sal kry as private boumeesters dit doen. Die laaste en vernaamste rede egter waarom hy meen dat die Regering in aanmerking moet neem of die Departement nie verklein kan word nie, is met die oog op die boustyl in Suid-Afrika. Hy sê nie dat die styl van die geboue, deur hierdie Staatsdepartement opgerig, sleg is nie, maar aangesien ons 'n jong land is, wat nog sy styl moet ontwikkel, behoort ons nie 'n steriotiepie boustyl te volg nie. Hierin sal die Departemnet, soos hy vandag saamgestel is, nie kan help nie want van die 431 persone in diens van die Departement is net 184 in Suid-Afrika gebore en die res kom uit die buiteland. Spr. besluit met 'n ernstige versoek aan die Regering om die Departement van Openbare Werke so te verminder dat hy die personeel voortaan in raadgewende hoedanigheid sal gebruik, maar nie as sy boumeesters nie.